higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2

(8011022)

11 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

492Q1S2011

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Identifiseer die formule wat gebruik word om die maksimum hartklop te bereken.

A Maksimum hartklop = 200 - jou ouderdom in jare
B Maksimum hartklop = 220 - jou ouderdom in jare
C Maksimum hartklop = 220 - jou ouderdom in jare x 2
D Maksimum hartklop = 150 + jou ouderdom in jare

1.2 Watter EEN van die volgende is NIE spesifieke spiere of spiergroepe waarop jy kan fokus wanneer jy kragoefeninge doen nie?

A Borsspiere
B Driekopspier
C Hartspier
D Biseps

1.3 Die dagtoewysing in die program vir basiese kragoefening is soos volg:

A Vyf (5) dae oefening en twee (2) rusdae.
B Vier (4) dae oefening en drie (3) rusdae.
C Ses (6) dae oefening en een (1) rusdag.
D Twee (2) dae oefening en vyf (5) rusdae.

1.4 Watter EEN van die volgende is NIE deel van die standaardfiksheidstoets vir polisielede nie?

A 2.4 km-hardloop
B Opstote
C Opsitoefeninge
D 50 m pendellopie ('shuttle run')

1.5 Uit 'n polisiëringsperspektief kan ons sê dat dissipline op die volgende gebiede aangetref word:

A Persoonlik, interpersoonlik en werksplek
B Individueel en groep.
C Persoonlik en werksplek.
D Werksplek en gemeenskap.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

luitenant-kolonel; polisiehoof; seeman; admiraal; adjudant-offisier; generaal; konstabel; brigadier; eerste onderoffisier; vaandrig

2.1 Die hoogste onderoffisierrang in die SAPD is ...

2.2 Die laagste rang in die SA Vloot is ...

2.3 Die hoogste rang in die metropolisie ('MPA') is ...

2.4 As 'n kaptein in die SAPD tot die volgende hoër rang bevorder word, sal hy/sy 'n ... wees.

2.5 'n Stafsersant in die SA Weermag is gelyk aan die ... rang in die SA Vloot.

(5 ×1) **[5]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Krygswet is die stel reëls wat deur die leër ingestel en afgedwing word in 'n omgewing waar geen siviele regering bestaan nie.

3.2 Strafreg het in Suid-Afrika ontstaan hoofsaaklik om slawe te beheer.

3.3 Tydens apartheid is polisiemagte in die 'tuislande' gevestig wat grootliks deur die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) beïnvloed is.

3.4 In misdaadvoorkoming sluit snellerfaktore in die begeerte van 'n persoon om misdaad te pleeg.

3.5 In misdaadondersoek is modus operandi 'n manier om iets te doen.

3.6 Misdaadinligting is verwerkte inligting en kan as feite in 'n geregshof gebruik word.

3.7 Hoewel alle polisiëringsagentskappe hul eie rangstrukture het, is die organogramme dieselfde.

3.8 Anna het 'n LMI VAN 21,8 wat as veilig, normaal en gesond beskou word.

3.9 Die struktuur van 'n peloton bestaan uit drie range, waarvan die eerste as die aanvoerrang ('advance rank') bekend staan.

3.10 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens se lede mag met die linkerhand salueer indien die regterhand beseer is of 'n pakkie in die regterhand gedra word.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1	Die SAPD word bestuur op ...	A	SAPD: Nasionale kommissaris
4.2	Die ondersoek na en voorkoming van georganiseerde misdaad.	B	Tweede vlak: Provinsiaal
4.3	Die metropolisie (MPA) se jurisdiksie is in 'n bepaalde ...	C	Metropolitaanse gebied
		D	Stemgebied
4.4	Die verkeerspolisie (VPA) se jurisdiksie is in 'n bepaalde ...	E	Derde vlak: Plaaslik
4.5	Die MPA word bestuur op ...	F	Republiek van Suid-Afrika
		G	Provinsie
		H	Eerste vlak: Nasionaal

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 5

5.1 Noem VYF verantwoordelikhede van 'n Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. (5)

5.2 Noem VYF ooreenkomste met betrekking tot die rolle en verantwoordelikhede van die metropolisie en verkeerspolisie. (5)

5.3 Gee die VIER belangrikste beperkings wat die apartheidswette in Suid-Afrika aan mense opgelê het. (4)

5.4 Noem TWEE polisiëringsagentskappe wat in die voorkoloniale tydperk gevestig is. (2)

5.5 Beskryf die doel van 'n organogram. (3)

5.6 Identifiseer die beperkings van 'n organogram. (3)

5.7 Ontleed die organogramme van polisiëringsagentskappe en identifiseer ondersteuningstrukture se rolle en verantwoordelikhede. (3)
[25]

TOTAAL AFDELING B 25

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 6

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae.

Die SAPD Temba het verskeie gemeenskapsprotesaksies teen die swak dienste van die polisiëringsagentskappe in die gebied ervaar. Die Provinsiale Kommissaris het opdrag gegee dat 'n gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) saamgeroep moet word om die redes vir die gemeenskap se ontevredenheid te bepaal. Op 22-10-2019 is die GPF gehou en die volgende inligting is deur die gemeenskap verskaf:

- Die Suid-Afrikaanse Polisiediens tree op soos die ou Suid-Afrikaanse Polisie.
- Wanneer die gemeenskap hul ontevredenheid wys, is hulle verskeie kere kragdadig deur die Openbareorde-polisie verwyder.
- Die misdaad in die gebied het vlakke bereik wat nog nooit voorheen in die gemeenskap waargeneem is nie.
- Aangemelde misdaad word nie ondersoek nie en, indien dit ondersoek word, dui polisielede aan dat hulle nie weet hoe om te werk te gaan nie.
- Die ondersoeke word nooit opgelos nie en die oortreders wat bekend is, loop vry in die gebied word.
- Die polisiebeamptes is vet en lui.

Jou stasiebevelvoerder gee jou die verantwoordelikheid om kommentaar aan die Provinsiale Kommissaris en die GPF voor te berei rakende die vraagstukke wat tydens die vergadering geopper is.

6.1 Noem enige DRIE eienskappe van koloniale polisiëring wat by die SAPD Temba teenwoordig is. (3)

6.2 Gee DRIE redes waarom dit lyk asof die SAPD Temba die ou SAP-reëls van onlustepolisiëring gebruik. (3)

6.3 Verduidelik kortliks die DRIE misdaadvoorkomingsmodelle wat deur die SAPD Temba gebruik behoort te word om die hoë misdaadvlakke te verlaag en gee 'n voorbeeld van elk. (3 × 3) (9)

6.4 Noem en verduidelik die DRIE ondervragingstegnieke wat die speurder tydens 'n misdaadondersoek kan gebruik. (3 × 2) (6)

6.5 Gee TWEE ondersoekmetodes wat 'n speurder op 'n misdaadtoneel kan gebruik. (2)

6.6 Noem TWEE vrae wat 'n speurder op 'n misdaadtoneel sal vra. (2)

6.7 Waarvoor word misdaadinligting deur polisiëringsagentskappe gebruik? (3)

6.8 Noem TWEE komponente van 'n gesonde lewenstyl. (2)

[30]

TOTAAL AFDELING C 30

AFDELING D

Beantwoord óf VRAAG 7 óf VRAAG 8 in hierdie afdeling.

VRAAG 7

Verduidelik breedvoerig die rol van kriminalistiektegnieke in misdaadondersoek. (20)
[20]

OF

VRAAG 8

Misdaadinligting is 'n belangrike pilaar van polisiëring. Verduidelik jou begrip van die volgende aspekte wat met misdaadinligting verband hou:

8.1 Verduidelik die bronne wat deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens gebruik word om misdaadinligting te bekom. (10)

8.2 Bespreek die belangrikheid daarvan om inligting, inligtingsbronne en intelligensie noukeurig te beoordeel. (5)

8.3 Bespreek die regte van en beperkings op die Militêre Polisie met betrekking tot misdaadintelligensie. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING D 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou